

Paulus se pastorale oproep



SABATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Galasiërs 4:12–20, 1 Korintiërs 11:1, Filippense 3:17, 1 Korintiërs 9:19–23, 2 Korintiërs 4:7–12.

Geheeteks:

“Ek smeeke julle, broers: Word soos ek, soos ek my ook met julle vereenselwig het” (*Galasiërs 4:12*).

Soos ons tot dusver gesien het, het Paulus nie doekies omgedraai met die Galasiërs nie. Sy sterk taal het slegs gereflakteer watter geïnspireerde passie hy gevoel het vir die geestelike welstand van die kerk wat hy gestig het. Behalwe die belangrike teologiese kwessie waarmee Paulus besig was, is die brief aan die Galasiërs ook in ‘n breër sin ‘n aanduiding van hoe belangrik die korrekte leerstelling is. Indien dit wat hulle geglo het nie so belangrik was nie, en indien leerstellingskorrektheid nie so veel saak gemaak het nie, waarom sou Paulus dan so vurig en onwrikbaar in sy brief wees? Dit is natuurlik die waarheid wat ons die hoogste ag, veral in die hele kwessie rondom die evangelie.

In Galasiërs 4:12–20 sit Paulus sy diskoers voort, al verander hy sy aanslag so ietwat. Paulus het ‘n aantal gedetailleerde en teologiese argumente gevoer om die Galasiërs van hulle foute te oortuig, en nou maak hy ‘n persoonliker pastorale oproep. Anders as die vals leermeesters wat geen ware belang in die Galasiërs gehad het nie, openbaar Paulus die werklike besorgtheid, bekommernis, hoop en liefde van ‘n goeie herder vir sy dwarstrekkerige kudde. Hy het nie slegs die teologie gekorrigeer nie; hy het daarna verlang om diegene wat hy liefhet, te bedien.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 26 Augustus.*

Paulus se hart

Lees Galasiërs 4:12–20. Wat is die kern van Paulus se boodskap in hierdie verse?

Die aanvanklike aanduiding van die besorgdheid wat swaar druk op Paulus se hart, is sy persoonlike oproep in vers 12. Die oproep volg onmiddellik na Paulus se aandring dat die Galasiërs moet “word soos ek”. Die betekenis van die woord smee of vermaan word nie in alle vertalings ten volle oorgedra nie. Die Griekse woord is *deomai*. Alhoewel dit vertaal kan word as “smee” (AFR83) of “bid” (AFR53), het die Griekse woord ‘n sterker sin van desperaatheid (*lees 2 Kor. 5:20, 8:4, 10:2*). Paulus sê beslis in werklikheid: “Ek smee julle!” (soos wat dit in die AFR83-vertaling wel staan – vertaler). Paulus se besorgdheid was nie bloot oor teologiese idees en leerstellige sieninge nie. Sy hart was bedruk oor die lewenswyse van die mense wat na Christus gebring is deur sy bediening. Hy het homself baie meer as ‘n vriend geag; hy was hulle geestelike vader, en hulle was sy kinders. Maar nog meer as dit, Paulus vergelyk sy bekommernis oor die Galasiërs met die kommer en angstigheid van ‘n moeder wat geboorte skenk (*Gal. 4:19*). Paulus het gemeen dat sy vorige werk (*E: labor*) voldoende was vir hulle veilige verlossing (*E: delivery*) toe hy die kerk gevestig het. Maar nou dat die Galasiërs van die waarheid weggedryf het, ervaar Paulus weer die geboortepyne van vooraf om hulle welstand te verseker.

Watter doelwit het Paulus in gedagte gehad vir die Galasiërs? Wat was die resultaat wat hy wou sien van al sy “werk” om hulle onthalwe? Gal. 4:19.

Aanvanklik is die Galasiërs beskryf toe hulle in die baarmoeder gevorm is, maar nou praat Paulus van die Galasiërs asof hulle self swanger moeders is. Die woord wat as “gevorm” vertaal is, is ‘n mediese term wat dui op die vorming van ‘n embrio. Met hierdie metafoer beskryf Paulus wat dit beteken om ‘n Christen te wees, beide individueel en kollektief as ‘n kerk. Om ‘n volgeling van Christus te wees, is meer as net die verklaring van geloof; dit behels ‘n radikale transformasie tot die gelykenis van Christus. Paulus was nie op soek na ‘n “aantal klein veranderinkies in die Galasiërs nie, wat hy eerder wou hê, was dat hulle Christus sou raaksien.”—Leon Morris, *Galatians* (Downers Grove, Ill.: InterVarsity Press, 1996), p. 142 – vry vertaal.

**Op watter wyses het jy die karakter van Christus gemanifesteer gesien in jou lewe?
Op watter gebiede het jy nog nodig om baie te groei?**

Die uitdaging om te word

Lees 1 Korintiërs 11:1; Filippense 3:17; 2 Tessalonisense 3:7–9; en Handeling 26:28, 29. Wat sê Paulus hier wat in Galasiërs 4:12 weerspieël word? Hoe moet ons hierdie punt verstaan?

In Paulus se briewe word Chirstene dikwels aangemoedig om sy voorbeeld na te volg. In elke situasie hou Paulus hom voor as 'n gesagsfiguur wat gelowiges moet navolg. In 2 Tessalonisense 3:7–9 hou Paulus homself as 'n voorbeeld voor van hoe die gelowiges in Tessalonika behoort te werk om hulle eie lewensbehoud te verdien en nie 'n las vir ander te wees nie. In 1 Korintiërs 11:1 doen Paulus 'n beroep op die Korintiërs om hom na te boots deur die welstand van ander eerste te plaas. Paulus se besorgdheid in Galasiërs blyk ietwat anders te wees.

In Galasiërs 4:12 vra Paulus nie die Galasiërs om hom na te doen nie; in stede hiervan vra hy om “te word” soos hy is – hy praat van wees, nie optrede (of dade) nie. Waarom? Die probleem in Galasiërs was nie onetiese gedrag of 'n godlose lewenswyse nie, soos in die kerk van Korinte. Die kwessie in Galasiërs was gewortel in die essensie van Christenskap self. Dit het meer gegaan oor “wees” as oor “gedrag.” Paulus het nie gesê “tree soos ek op” nie, maar wees wat ek is. Die presiese terminologie in Galasiërs 4:12 verskyn in Paulus se oproep aan Herodes Agrippa II in Handeling 26:29, waar Paulus skryf: “Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltal nie u alleen nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie” (kursivering voorsien). Met ander woorde, Paulus verwys na sy ondervinding as 'n Christen, 'n grondslag wat op Christus alleen berus, 'n geloof wat vertrou in wat Christus vir hom gedoen het en nie op sy werke van die wet nie. Die Galasiërs het groter waarde op hulle gedrag geplaas, as op hulle identiteit in Christus. Al meld Paulus nie spesifiek hoe hy meen die Galasiërs soos hy moet word nie, dui die konteks aan dat dit nie 'n breë stelling was wat elke aspek en detail van sy lewe gedek het nie. As gevolg van sy besorgdheid oor die wetsgesentreerde godsdiens van die Galasiërs, het Paulus sekerlik die wonderlike liefde, blydskap, vryheid en sekerheid van verlossing wat hy in Jesus Christus gevind het, in gedagte gehad. In die lig van die onoortreflike wonder van Christus, het Paulus geleer om alles anders as onsin te beskou (ook: “drek” (AFR53), of “verwerplik” (AFR83) (*Filip. 3:5–9*) — en hy het daarna verlang dat die Galasiërs 'n soortgelyke ervaring sou hê.

Is daar iemand wat jy ken, (buiten Jesus) wat jy as 'n goeie voorbeeld sou beskou? Indien wel, wat is die kwaliteite van daardie persoon wat jy so voorbeeldig vind, en hoe kan jy daardie kwaliteite beter in jou eie lewe ten toon stel?

Ek het geword soos jy

Lees 1 Korintiërs 9:19–23. Wat sê Paulus in hierdie verse wat ons kan help om ‘n beter begrip te verkry van die laaste deel van Galasiërs 4:12? (Lees ook Hand. 17:16–34, 1 Kor. 8:8–13, Gal. 2:11–14.)

Galasiërs 4:12 kan ietwat verwarrend blyk. Waarom moet die Galasiërs soos Paulus word, as hy alreeds soos hulle geword het? Soos ons in gister se studie gesien het, wou Paulus hê dat hulle soos hy moes word, in sy volle geloof en vertroue in die alom-voorsienigheid van Christus vir verlossing. Sy opmerking dat hulle soos hy moes word was ‘n herinnering aan die wyse waarop hy, alhoewel hy ‘n Jood was, ‘n heiden geword het “sonder die wet” sodat hy die heidene onder hulle met die evangelie kon bereik. Paulus was die groot sendeling aan die heidense wêreld, en hy het geleer hoe om die evangelie aan beide die Jode en heidene te verkondig. Trouens, volgens 1 Korintiërs 9:19-23, al het die evangelie dieselfde gebly, was Paulus se metodes deurentyd verskillend afhangend van die mense wat hy wou bereik.

“Paulus was ‘n pionier in wat ons vandag sou noem kontekstualisasie, die behoefte om die evangelie op so ‘n wyse te kommunikeer, dat dit aanklank vind in die totale konteks van die mense wat hy aanspreek.”—Timothy George, *The New American Commentary: Galatians* (Nashville, Tenn.: Broadman & Holman Publishers, 1994), p. 321 – vry vertaal.

Paulus se eie kommentaar in 1 Korintiërs 9:21 dui aan dat hy glo dat daar geen beperkinge was op hoe ver iemand sou gaan om die evangelie te kontekstualiseer nie. Hy noem byvoorbeeld, al is iemand vry om op verskeie wyses na die Jode en heidene uit te reik, sluit hierdie vryheid nie die reg in om ‘n wettelose leefwyse te handhaaf nie, want Christene is “onder die wet” van Christus.

Alhoewel kontekstualisasie nie altyd maklik is nie “moet ons so ver as moontlik in staat wees om die hart van die evangelie van sy kulturele kokon te skei, die boodskap van Christus te kontekstualiseer, sonder om afbreek aan die inhoud daarvan te doen, en behoort ons nabootsers van Paulus te wees.”—Timothy George, *Galatians*, pp. 321, 322 – vry vertaal.

Dis so maklik om toegewings te maak, is dit nie? Dikwels, hoe langer mens ‘n Christen is, hoe makliker word die toegewing ook. Waarom sal dit so wees? Kyk eerlik na jouself. Hoeveel toegewings het in jou lewe ingekruip, en wat was die wyses waarop jy dit regverdig het? Hoe kan jy hierdie situasie omkeer op die gebiede waar dit nodig is?

Toe en nou

Paulus se verhouding met die Galasiëse gelowiges was nie altyd so moeilike en kwesbaar soos wat dit nou geword het nie. Trouens, Paulus reflekteer oor die tyd toe hy die evangelie die eerste keer in Galasië gepreek het, en hy praat met bewondering van hoe goed hulle hom behandel het. Wat het gebeur?

Watter gebeurtenis het skynbaar aanleiding gegee tot Paulus se besluit om die evangelie in Galasië te preek? Gal. 4:13.

Blykbaar was dit nie Paulus se aanvanklike voorneme om die evangelie in Galasië te preek nie. Een of ander siektetoestand het hom egter op sy reis platgetrek, en dwing hom moontlik om òf langer in Galasië te vertoef, òf om na Galasië te reis om daar te herstel. Die aard van Paulus se siekte bly 'n misterie. Sommige meen dat hy malaria kon opgedoen het; ander (op grond van Paulus se verwysing na die Galasiërs se gewilligheid om hulle oë uit te pluk en dit vir hom te gee) meen dit kon 'n oogsiekte gewees het. Sy siekte kon ook verband hou met die “doring in die vlees” wat hy in 2 Korintiërs 12:7-9 noem. Waaraan Paulus ook al gely het, vertel hy vir ons hoe ongemaklik dit was, dat dit vir die Galasiërs 'n beproewing geword het. In 'n wêreld waar siekte dikwels gesien is as goddelike misnoë, (*Joh. 9:1, 2; Luk. 13:1-4*), kon Paulus se siekte maklik 'n verskoning vir die Galasiërs wees om hom en sy boodskap te verwerp. Maar hulle het Paulus gulhartig ontvang. Waarom? Omdat hulle harte verwarm is deur die prediking van die Kruis (*Gal. 3:1*) en die oortuiging van die Heilige Gees. Watter rede kon hulle gegee het vir die verandering in hulle gesindheid?

Wat kon die rede gewees het waarom God toegelaat het dat Paulus lyding deurgegaan het? Hoe kon Paulus ander bedien terwyl hy self met sy eie probleme moes sukkel? Rom. 8:28, 2 Kor. 4:7-12, 12:7-10.

Wat ookal Paulus se siekte was, dit was ongetwyfeld ernstig, en dit kon maklik as verskoning gedien het om God vir sy probleme kwalik te neem, of hy kon eenvoudig net ophou om die evangelie te verkondig. Paulus het egter nie een van die twee gedoen nie. In stede daarvan dat sy situasie die oorhand oor hom gekry het, het Paulus dit as 'n geleentheid gebruik om ten volle op God se genade staat te maak en te vertrou. “Oor en oor gebruik God die teenspoed van die lewe - siekte, vervolging, armoede, en selfs natuurrampe en onverklaarbare tragedies – as geleenthede om Sy erbarming en genade te vertoon as 'n wyse waarop die evangelie uitgedra word.”—Timothy George, *Galatians*, pp. 323, 324 – vry vertaal.

Hoe kan jy leer om jou beproewings en lyding te gebruik sodat jy meer op die Here kan steun? Het jy enige ander opsies?

Praat die waarheid

Lees Galasiërs 4:16. Watter kragtige punt bring Paulus hier tuis? Op watter wyses het jy soortgelyke dinge ervaar? (lees ook Joh. 3:19; Matt. 26:64, 65; Jer. 36:17–23.)

Die uitdrukking “praat die waarheid” het dikwels negatiewe konnotasies, veral in ons hedendaagse lewe waar dit gesien kan word as ‘n manier om iemand prontuit die feite te gee, dis iets wat dikwels as hardvotig gesien word, iets wat jy nie terughou nie en iets wat dikwels nie grense het nie, al is dit hoe ongemaklik of ongevraagd. As dit nie vir Paulus se opmerkings in Galasiërs 4:12–20, en ook ‘n paar ander opmerkings in sy brief (*lees Gal. 6:9, 10*), kon mens maklik die verkeerde aanname gemaak het dat Paulus se belang in die waarheid van die evangelie meer gewig gedra het as enige uitdrukking van liefde. En tog, soos ons reeds gesien het, was Paulus besorg oor die feit dat die Galasiërs die “waarheid van die evangelie” (*lees Gal. 2:5, 14*) moes ken, en dat hierdie besorgdheid van hom voortgespruit het uit sy liefde vir hulle. Wie het nog nie ervaar hoe pynlik dit is om iemand te tugtig of in eerlike terme te praat nie – om watter rede ookal – en hulle wil dit nie hoor nie? Ons doen dit omdat ons vir die persoon omgee, nie omdat ons hulle wil seermaak nie, maar soms kandie onmiddellike effek van ons woorde seermaak, of selfs woede ontlok en ‘n afkeur teenoor ons meebring. Ons doen dit in elk geval, omdat ons weet dat die persoon dit moet hoor, ongeag hoeveel hy of sy dit nie wil hoor nie.

In Galasiërs 4:17–20 sê Paulus iets oor diegene wat hom teenstaan. Wat sê hy? Wat daag hy nog uit, behalwe hulle teologie?

In teenstelling met die openhartigheid van Paulus se evangelie, en waardeur hy die gramskap van die Galasiërs op hom kon ontketen, was sy teenstanders aktief besig om hulle te beyver vir die guns van die Galasiërs, nie uit liefde vir die Galasiërs nie, maar weens hulle eie selfsugtige motiewe. Dit is onduidelik wat Paulus presies bedoel het toe hy gesê het dat sy opponente hulle wil “buitesluit” (“losmaak” in AFR83), en dit kan moontlik verwys na ‘n poging om hulle uit te sluit van al die voorregte van die evangelie totdat hulle eers die besnydenis ondergaan het.

Dink aan ‘n voorval waar jou woorde, hoe opreg, nodig en eerlik ook, veroorsaak het dat iemand vir jou kwaad is. Wat het jy uit daardie ondervinding geleer wat jou sal help wanneer jy ‘n volgende keer iets soortgelyk moet doen.

Verdere leeswerk:

“In die gemeentes van Galasië het openlike, onvermomde dwalinge die evangelieboodskap vervang. Christus, die ware grondslag van die geloof, is feitlik ten gunste van die uitgediende seremonies van die Judaïsme verwerp. Die apostel het besef dat indien die gelowiges in Galasië gered moes word van die gevaarlike invloede wat hulle bedreig het, hy baie beslis moes optree en die ernstige waarskuwings moes gee. “’n Belangrike les wat elke dienaar van Christus moet leer, is om sy arbeid aan te pas by die toestand van diegene wat hy wil bevoordeel. Tederheid, geduld, beslistheid en vasberadenheid is ewe noodsaaklik: maar elk moet met groot onderskeidingsvermoë toegepas word. Om onder alle omstandighede met mense van verskillende geaardhede te handel, vereis groot wysheid en insig wat deur die Gees van God verlig en geheilig is. “Paulus het diegene wat die krag van God voorheen in hulle lewens geken het, gesmeek om na hulle eerste liefde vir die evangeliewaarheid terug te keer. Met onweerlegbare argumente het hy aan hulle die voorreg voorgedien om vrymanne en -vroue te word in Christus deur wie se versoenende genade almal wat hulle ten volle oorgee met die kleding van Sy geregtigheid beklee word. Hy het die standpunt ingeneem dat elke siel wat gered wou word ‘n egte, persoonlike belewenis in die dinge van God moes hê. “Die apostel se ernstige smeekwoorde was nie vrugtelos nie. Die Heilige Gees het met groot krag gewerk en talle wie se voete na vreemde weë gedwaal het, het na hulle vorige geloof in die evangelie teruggekeer. Voortaan was hulle standvastig in die vryheid waarmee Christus hulle vrygestel het.”—Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, pp. 385, 386, 388.

Vrae om te bespreek:

1. Dink meer oor die gedagte van lyding en hoe God dit kan gebruik. Hoe gaan ons om met situasies wat lyk of daar niks goed van lyding kan kom nie?
2. Dink na oor die idee dat Christus in ons gevorm word. Wat beteken dit in praktiese terme? Hoe kan ons weet dat dit besig is om met ons te gebeur? Hoe weerhou ons ons daarvan om mismoedig te word indien dit nie so vinnig gebeur as wat ons sou wou hê nie?

Samevatting:

Nadat hy ‘n aantal gedetailleerde en teologies gesofistikeerde argumente gevoer het, maak Paulus nou ‘n meer persoonlike en emosionele oproep aan die Galasiërs. Hy smeek hulle om na sy raad te luister, en herinner hulle aan die positiewe verhouding wat hulle eens gehad het en die opregte liefde en besorgdheid wat hy vir hulle het as hulle geestelike ouer.

